

# Opsies wanneer jy uit jou werk aftree

Verseker 'n leeftyd van finansiële welstand

alexforbes.com

:alexforbes

insight • advice • impact



In hierdie fase van jou werklewe sal jy waarskynlik meer wil weet oor wat jou opsies is wanneer jy aftree. Indien jy sou besluit om 'n pensioen te koop, sal jy wil weet watter soort pensioen vir jou geskik sal wees. In hierdie brosjure verduidelik ons vir jou al die opsies en dek ons die vernaamste voordele en nadele van elk.

# Aftrede nou of later?

## Het jy geweet?

Indien jy op 65 eerder as op 55 aftree, kan jy jou vervangingsverhouding en aftree-inkomste amper verdubbel.[1]

Indien jou pensioengewende salaris R10 000 is en jy op 55 'n vervangingsverhouding van 30% het, sal jy aftree met R3 000 per maand. Indien jy eerder op 65 aftree, kan jou vervangingsverhouding tot 60% verdubbel en sal jy aftree met byna R6 000 per maand.

| OUDEDOME 55 | Vervangingsverhouding 30% |
|---|---|
| Tree af met **R3 000** per maand | |

| OUDEDOME 65 | Vervangingsverhouding 60% |
|---|---|
| Tree af met **R6 000** per maand | |

Indien jy twee jaar later aftree, byvoorbeeld op 63 eerder as op 61, kan dit 'n addisionele **8% to 15%** by jou aftree-inkomste voeg.[1]

## Die waarde van advies

Deur persoonlike inligting en advies by een van ons finansiële-welstandspanlede te kry, kan dit tot beter besluitneming lei en jou sukses vir aftrede verbeter. Kontak die My Money Matters Centre:

**My Money Matters Centre**

**Telefoon:** 0860 000 381

**E-pos:** mymoneymatters@alexforbes.com



1 Member Watch™ meningspeiling 2018

Inkomsteprojeksies by aftrede word op die volgende aannames gebaseer: **Bewaring:** geen onttrekkings uit aftreefonds(e) voor aftrede nie | **Bydraekoers:** ongeveer 12% van jaarlikse salaris | **Jaarlikse salarisverhogings:** inflasie | **Beleggingsopbrengs:** inflasie | **Teiken:** 75% van inflasie as 'n verhoging in pensioeninkomste | **Geslag:** manlik



OPSIE

# A

## Stel uit

(tree later af)

Dit beteken dat jy teen jou maatskappy se aftree-ouderdom uit jou werkgewer se diens sal tree, maar jy kan jou spaargeld vir aftrede in die fonds belê hou totdat jy kies om jou spaargeld vir aftrede te ontvang.

# Wat om in ag te neem indien jy kies om aftrede uit jou werkgewer se fonds uit te stel.

- Jy en jou werkgewer sal nie 'n bydrae tot jou fonds lewer nie.
- Jy sal nie dieselfde voordele, soos lewens- of ongeskiktheidsdekking, hê nie.

**Wenk: Bespreek 'n voortsettingsopsie met jou finansiële adviseur.**

- Jou spaargeld vir aftrede sal in die fonds belê bly.
- Daar sal nog steeds beleggingsfooie en administrasiekostes wees.
- Positiewe of negatiewe beleggingsopbrengste sal by jou belegging in die fonds gevoeg of daarvan afgetrek word tot en met die datum waarop jy besluit om jou spaargeld vir aftrede te ontvang.

## Jy kan:

**IN die fonds uitstel**

Jy hou jou geld in jou werkgewer se aftreefonds totdat jy gereed is om af te tree. Die voordele daaraan verbonde kan wees dat fooie en kostes minder kan wees as met ander opsies.

Jy sal jou belegging in die beleggingsportefeulje waarin jy tot jou aftree-ouderdom belê was, behou, tensy jy in 'n geslote portefeulje belê is of 'n beleggingsoorskakeling doen.

## Jy kan:

**BUITE die fonds uitstel**

Jy dra jou geld oor in 'n goedgekeurde aftreeannuïteitsfonds (of vanaf 1 Maart 2019 in 'n bewaringsfonds) totdat jy gereed is om af te tree.

Wanneer jy besluit om jou geld oor te dra, kyk goed na die fooie en of jy daarmee kan voortgaan om bydraes te maak. As jy nog steeds vrae het, praat asseblief met 'n finansiële adviseur.





OPSIE

# B

## Neem ’n pensioen
(wanneer jy aftree)

Indien jy dadelik wil begin om ’n inkomste te kry nadat jy jou maatskappy se aftree-ouderdom bereik het, kan jy ’n pensioen neem. Daar is twee hoofsoorte pensioene waaruit jy kan kies:

1. **Gewaarborgde annuïteit (lewensannuïteit)**
2. **Lewende annuïteit**

# Daar is verskillende opsies aan jou beskikbaar.

**Afhangende van of jy uit 'n voorsorg- of pensioenfonds of aftreeannuïteitsfonds aftree. Hierdie opsies is:**

| Voorsorgfondse | Pensioenfondse of aftreeannuïteitsfondse |
|---|---|
| Jy kan jou hele fondskrediet as kontant neem. | Jy kan tot 'n derde van jou fondskrediet as kontant neem. |
| Jy kan tot 'n derde van jou fondskrediet as kontant neem. | Jy moet ten minste twee-derdes van jou fondskrediet gebruik om 'n pensioen te koop. |
| Jy kan 'n gedeelte van jou fondskrediet as kontant gebruik en die res gebruik om 'n pensioen te koop. | Jy kan al jou geld gebruik om 'n pensioen te koop. |
| Jy moet ten minste twee-derdes van jou fondskrediet gebruik om 'n pensioen te koop. | |
| Jy kan al jou geld gebruik om 'n pensioen te koop. | |

### Waaraan jy moet dink voordat jy kies om 'n pensioen te neem:

- Wat is jou lewenskoste?
- Hoeveel geld sal jy elke maand nodig hê?
- Kan jy die risiko loop om jou spaargeld oor die korttermyn aan die onbestendigheid van die aandelemark bloot te stel en vir langer in die mark te belê?
- Hoe goed is jou gesondheid? Wat sal gebeur as jy langer leef as wat jy verwag?
- As jy 'n eggenoot het, sal jou eggenoot 'n inkomste nodig hê wanneer jy sterf?
- Het jy ander spaargeld om jou pensioen mee aan te vul?
- Moet jy geld vir jou geliefdes agterlaat wanneer jy sterf?

**As jy antwoorde op al hierdie vrae het, sal dit jou help om te besluit watter soort annuïteit aan jou behoeftes sal voldoen.**

## Die waarde van advies

'n Finansiële adviseur kan jou help om die verskille tussen die verskillende produkte en oplossings te verstaan en te besluit watter een die beste vir jou is. Hulle kan jou ook help om kompromisse te beheer. ('n Kompromis is wanneer jy tussen twee doelwitte wat vir jou ewe belangrik is, moet kies omdat jou hulpbronne beperk is en jy dit nie kan bekostig om die opsies gelyktydig uit te oefen nie.)

'n Finansiële adviseur kan jou help om strategieë te vind om meer van jou doelwitte te bereik sowel as om seker te maak dat jy nie die belangriker doel opoffer ter wille van een wat nie so belangrik is nie.

**My Money Matters Centre**
**Telefoon**: 0860 000 381
**E-pos:** mymoneymatters@alexforbes.com



# Jou opsies vir ’n pensioeninkomste

Hierdie bladsy en die volgende een gee vir jou ’n oorsig oor ’n paar van die hoofsoorte pensioene waaruit jy kan kies. Praat met ’n finansiële adviseur voordat jy enige besluite neem.

## Gewaarborgde annuïteit (lewensannuïteit)

Risiko lê by versekeraar

### Inkomste

- Dis lewenslank gewaarborg.
- Jou inkomste sal nooit krimp nie.

### Begunstigdes

- Jou begunstigdes sal moontlik net binne jou gekose gewaarborgde tydperk ’n voordeel ontvang.

### Beleggingsrisiko

- Daar is geen beleggingsrisiko nie (behalwe by ’n winsdelingsannuïteit).
- Jou inkomste is gewaarborg.

### Aanpasbaarheid

- Dis nie aanpasbaar nie.
- Jou soort inkomste is lewenslank vasgestel wanneer jy ’n spesifieke soort inkomste gekies het.

### Inflasie

- Jou geld kan koopkrag verloor as jy nie ’n annuïteit gekies het wat aan inflasie gekoppel is nie.

## Soorte gewaarborgde annuïteite (lewensannuïteite)

### 1 Vaste verhoging

- Kies ’n eenvormige jaarlikse verhoging, byvoorbeeld 3%, 5% of 10%.
- Hoe groter die verhoging, hoe laer sal die aanvanklike inkomste wees wat jy ontvang.

### 2 Met wins

- Beleggingsprestasie beïnvloed verhogings.
- Verhogings word deur die versekeringsmaatskappy op grond van beleggingsprestasie bepaal.
- Jou verhogings kan meer of minder as inflasie wees.

### 3 Aan inflasie gekoppel

- Dit word gewaarborg dat jou inkomste met inflasie sal tred hou.
- Verhogings word gekoppel aan inflasie gedurende die jaar.

### 4 Vlak

- Jy ontvang dieselfde bedrag as ’n inkomste vir die res van jou lewe.
- Die aanvanklike inkomste is hoog in vergelyking met ander opsies.
- Inflasie verminder jou koopkrag.

# Jou opsies vir 'n pensioeninkomstes

Ons beveel aan dat jy met 'n finansiële adviseur praat om jou te help om die risiko's en voordele van hierdie opsie te verstaan.

## Lewende annuïteit

Die risiko lê by JOU

### Inkomste

- Die inkomste wat jy onttrek, kan enigiets van 2,5% tot 17,5% van jou totale belegging wees.
- Jy kies jou inkomstevlak.
- Daar bestaan 'n risiko dat jou spaargeld kan opraak voor jy sterf.
- Jou inkomste is nie lewenslank gewaarborg nie.
- Jou inkomste kan mettertyd afneem as jy meer onttrek as wat jou belegging groei.

### Laat dit aan jou begunstigdes agter

- Jy kan begunstigdes benoem wat enige geld wat in jou belegging oorbly, sal ontvang wanneer jy sterf.

### Beleggingsrisiko

- Jy kies jou beleggingsportefeuljes.
- Daar bestaan 'n risiko dat jou belegging nie goed sal presteer nie.

### Aanpasbaarheid

- Dis aanpasbaar.
- Jy kan een keer per jaar, wanneer die belegging verjaar, kies om jou inkomste te vermeerder of te verminder.

### Inflasie

- Jou geld kan koopkrag verloor indien jou belegging nie goed presteer nie.

## Die waarde van advies

Die waarde daarvan om finansiële advies by 'n gekwalifiseerde, professionele finansiële adviseur te kry, kan nie onderskat word nie en dit word sterk aanbeveel.

**Hulle:**

- is deskundiges op hul gebied en wy hulle daaraan om ander te help om hul finansiële doelwitte te bereik
- samel inligting in wat relevant is om jou te help om 'n finansiële padkaart vir jou saam te stel en objektiewe besluite te neem oor die beste roete om te volg
- evalueer die waarskynlikheid dat jy jou doelwitte en strewes gedurende aftrede sal bereik en help jou om jou sake so te struktureer dat jy die grootste voordeel uit jou swaarverdiende spaargeld sal kry
- sal ook jou ander behoeftes gedurende aftrede evalueer en ander gepaste aanbevelings doen.

**Die AFRIS lewende annuïteit is aan jou beskikbaar indien jou fonds AFRIS geïmplementeer het. Jy kan met hierdie opsie dalk voordeel trek uit laer fooie. Kontak Alexander Forbes om uit te vind of jy vir hierdie opsie kwalifiseer.**

# Wat jy nog moet weet

## Hoe jy belas word indien jy kontant neem

Gedurende jou leeftyd kan jy altesaam R500 000 van jou spaargeld vir aftrede belastingvry neem wanneer jy aftree. Alle bedrae (meer as R25 000) wat jy in kontant onttrek voordat jy aftree, sal hierdie bedrag egter laat verminder. Hoeveel jy belas word, hang af van hoeveel jy neem en wanneer jy dit neem.

**Die belastingkoers word in die aftreebelastingtabel hieronder getoon.**

| Wanneer jy aftree | |
|---|---|
| **Hoeveel jy neem** | **Belastingkoers** |
| R0 tot R500 000 | **0%** |
| R500 001 tot R700 000 | **18%** |
| R700 001 tot R1 050 000 | **27%** |
| R1 050 000 en meer | **36%** |

Wanneer die SAID die betaalbare belasting volgens die tabel bepaal, sal hulle vorige enkelbedrae wat as kontant uit aftreefondse en skeidingspakkette van jou werkgewer geneem is, in ag neem.

## Fooie en heffings

### Adviesfooie

**Aanvanklike adviesfooi**
Dit is vir die aanvanklike raad wat jou finansiële adviseur vir jou gee. Dis 'n persentasie van die geld wat jy belê, en jy en jou adviseur kom ooreen oor die werklike persentasie.

**Jaarlikse adviesfooi**
Dit word maandeliks van jou beleggings afgetrek. Jy en jou adviseur kom ooreen oor die fooi as 'n persentasie.

### Administrasiefooie

Dit is die fooie wat aan die administrateur van die fonds betaal word. Dit word bereken en maandeliks van jou beleggings afgetrek.

### Beleggingsbestuurfooie

Dit is die fooie en heffings van die bestuurders van die beleggingsportefeuljes. Dit word in die feiteblaaie van die fondse van elke portefeulje uiteengesit en kan van tyd tot tyd verander.

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) word, waar van toepassing, by fooie gevoeg.

## Belangrike wenk

**Noudat jy jou normale aftree-ouderdom nader, dink jy dalk weer na oor baie dinge. Hier is 'n paar faktore om te oorweeg om jou finansiële welstand te verbeter:**

- bewaar jou spaargeld vir aftrede wanneer jy ook al kan
- dra soveel by tot jou spaargeld as wat jy kan
- maak seker dat jy teen noodgevalle beskerm is deur genoeg versekering en spaargeld te hê
- bestuur jou skuld doeltreffend
- praat met 'n finansiële adviseur om jou te help om jou behoeftes in volgorde van belangrikheid aan te spreek en daardie besluite te neem wat reg is vir jou.

17745-2022-05 • Getty Images

# Kontak ons

## Vrae oor jou aftreefonds

**Kliëntekontaksentrum**

Telefoon: 0860 100 333

E-pos: ccrfadmin@alexforbes.com

## Finansiële advies

**My Money Matters Centre**

Telefoon: 0860 000 381

E-pos: mymoneymatters@alexforbes.com

Die inligting in hierdie dokument behoort aan Alexander Forbes. Jy mag nie enige deel van hierdie dokument sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van Alexander Forbes kopieer, versprei of wysig nie. Alexander Forbes Financial Services (Edms.) Bpk. (FDV 1177 en registrasienommer 1969/018487/07)